

Inhoud Plaasmoorde verset. Hierdie preek wys wat is die eiesoortigheid van plaasmoorde en plaasaanvalle wat dit anders as ander misdaad maak. Dit is die tipe geweld deur die regering, gemeenskap en kerke om landbouers as mense wat goed doen, te gekriminaliseer as mense wat onwettig die eiendom van ander beset. Daardeur word misdadigers bemagtig om hulle misdaad as 'n vorm van regstellende aksie op boere te pleeg. Dit is die motief vir die wreedaardigheid – om hul magteloosheid ten toon te stel. Hierdie is die tipe lyding wat Petrus beskryf as “om in Christus se lyding te deel.” Gelowiges se verset is om nie die mag te glo van hulle wat hulle buite die grens van die staat wil stel nie, deur aan te hou goed doen, dit is aan te hou boer.

Skriflesing 1 Petrus 2: 20 – 25, 3: 13, 14, 17; 4: 1 – 6, 2 – 19.

Teks 1 Pet. 4: 13 “wees eerder bly namate julle deel het aan die lyding van Christus sodat julle ook by die bekendmaking van sy heerlikheid uitbundig sal jubel.”

Tema Christus laat ons deel in sy lyding en aanhou goeie werke doen

Inleiding.

Ons gaan vanoggend saam leiding soek in die Woord van God oor plaasmoorde en verset. Ek wil graag vir u 'n paar keer uit hierdie brief voorgaan oor die tipe geweld waarin ons as landbouergemeenskap leef en ons verset daarteen.

Ons gaanmekaar vanoggend nie met die Bybel kwaadmaak oor die moorde op ons nie. Ons gaan nie ons eie magteloosheid en woede met die Bybel mobiliseer as God se saak nie. Dit is hoe die kerke, ook van die NG Kerk se sogenaamde leierskap, op hierdie oomblik probeer inkoop in die woede en magteloosheid oor plaasmoorde. Hulle wil nou skielik hierdie natuurlike verset voorhou as God se saak waarin hulle weer as geestelike leiers wil voorloop. Dit is presies die teenoorgestelde wat Petrus in hierdie brief aan lidmate wat onder die geweld van die gemeenskap en owerheid gebuk gaan, sê.

1. Ons deel in die geweld van die wêreld teen Christus!

Dit is die aard en karakter van die lyding wat ons as gelowiges nou deurgaans met plaasmoorde. Dit is wat die apostel Petrus in hierdie brief aan die lidmate wat in klein gemeenskappies in stede, in die Noordelike Turkye van vandag, aankondig: die geweld van die plaaslike gemeenskappe en owerhede teen hulle, is hoe hulle in die lyding van Christus deel het.

Hierdie brief is deur die apostel Petrus uit die stad Rome aan gemeentes in Noordelike Turkye geskryf in die jare 62 – 64 n.C. Petrus wys aan die lidmate wat is die aard van die geweld teen hulle uit die gemeenskap en plaaslike owerhede. Die

Christus laat ons deel in sy lyding en aanhou goeie werke doen

geweld teen hulle is hoe gelowiges deel het aan die lyding van Christus. Hiermee beskryf Petrus die geweld wat twee jaar later teen hulle deur keiser Nero gepleeg is dan ook as om deel te hê aan die lyding van Christus.

Hulle is in deur die Romeinse Keiser Nero die skuld gegee vir die afbrand van die stad Rome, wat na alle waarskynlikheid deur homself begin is om plek vir sy nuwe ambisieuse bouprojekte te maak. Nero het opdrag gegee dat hulle in teer gedoop en aan die verbrand gestee word asof hulle straatligte moet wees. Hy het opdrag gegee dat hulle in diervelle vasgebind word om deur diere in die Amfiteater van Rome verskeur te word. Dit het aangesluit by dieselfde soort geweld waarmee hulle deur owerhede en gemeenskappe toe al vir 'n hele ruk in hierdie Noord Turkye Christene mee geteister was.

Die geweld teen hulle deur die owerheid en gemeenskap was om hul uit te stal as vertoonstukke van magteloosheid teen die mag van Rome!

2. Die Christene het aanvanklik die geweld teen hulle glad nie verstaan nie omdat dit só vreemde soort geweld was. Hierdie geweld teen hulle was nie maar net gewone misdaad soos alle ander misdaad in die gemeenskap gewees nie. Teenoor hulle onbegrip vir hierdie anderse tipe geweld teen hulle stel Petrus dat hulle nie oor hierdie vurige beproewing verbaas moet wees nie omdat die geweld teen hulle nie iets vreemds is nie. (4: 12 – 19)

Petrus se uitspraak moes vir die lidmate eers gevoel het soos totale onbegrip van sy kant af as predikant vir wat met hulle besig was om te gebeur. Die geweld teen hulle wás iets ongehoords, verbasend en vreemds! Dit was glad nie somer net gewone geweld nie.

Die gemeenskap en owerhede het hulle geweld aangedoen omdat hulle goed was vir die owerheid en aan die gemeenskap goed gedoen het. Dit erken Petrus in 2: 20 en 3: 17. Meer nog, terwyl en juis omdat hulle goed doen, word hulle deur die plaaslike gemeenskappe en owerhede beswadder as misdadigers. (2: 12) Dit is nie somer net 'n gedramatiseerde opmerking van Petrus nie. Die Christene word werklik deur owerheid en gemeenskap gebrandmerk as kriminele en as kriminele volgens die staatsreg gestraf, vir die goeie werke waarmee hulle in die gemeenskap besig was.

In ons taal klink dit só: juis net omdat hulle wetsgehoorsame en hardwerkende burgers is, word hulle deur die owerheid en gemeenskap as kriminele gereken en volgens die wet as kriminele behandel.

3. Hierdie is nie somer net gewone geweld nie. Hier gebeur totaal iets anders as gewone geweld! Die owerheid en gemeenskap kriminaliseer wetsgehoorsame burgers!

Christus laat ons deel in sy lyding en aanhou goeie werke doen

Hoekom?

Omdat hulle nie meer deel van die waardes van die gemeenskap was soos voorheen nie. Petrus beskryf dit só: “Immers, julle het in die tyd wat verby is, al oorgenoeg deel gehad aan dit wat die heidene wil doen: uitspattigheid, begeerte, dronkenskap, brassery, drinkpartytjies en verfoeilike afgodsdienste. Hulle verstom hulle daaroor dat julle nie meer meedoen aan hierdie stroom van losbandigheid nie en sê lasterlike dinge” (4: 3, 4)

U moet nie dink dat hierdie ’n beskrywing van leeglêers is nie. Hierdie is ’n beskrywing van die wyse waarop besigheid in die Romeinse Ryk gedoen is. Dit was die karakter van hoe die magtiges besigheidsvergaderings gehou het. Vandag sal dit só klink! Uitspattig kom hulle met Bentleys, Mercedesse, Hummers en Jaguars bymekaar, in die duurste klere, drink hulle dronk net met Blue label whiskey, ooreet hulle aan net die beste kossoorte terwyl al wat hulle bymekaar bring die begeerte is om nog meer geld en mag te verkry. En daarna gaan hulle na die opwekkingsdienste, verfoeilike afgodsdienste, om met godsdienste dieselfde begeerte te bevredig en dieselfde mag te vertoon.

Die ekonomie van Rome was ’n plunder-ekonomie! Die mag van Rome kon net met plundering van nuwe gebiedsverowerings en met slawe aan die gang gehou word. Dit was ’n roof-ekonomie van die magtiges teen onmagtiges! Die magtiges was hulle wat Romeinse burgerskap gehad het en die onmagtiges was hulle wat nie Romeinse burgerskap gehad het nie. Hierdie was nie ’n klasse of etniese verskil nie. Dit was die opeis van die staat net vir hulle wat aan Romeinse mag gediensig was.

4. Hierdie magtiges het die Christene gekriminaliseer vir hulle gehoorsaamheid en arbeid in die gemeenskap! Wetgehoorsame en diensbare Christene is volgens die gemeenskap en owerheid, die kriminele wat gestraf moet word!

Hoe moet ’n mens dit verstaan? Dit was die onbegrip, die radeloosheid, uitsigloosheid en moedeloosheid van die Christene in die stede van Noordelike Turkye!

Hierteenoor verklaar Petrus dan: “julle het deel aan die lyding van Christus!”

Ons hoor binne vandag se oppervlakkige Christelikheid dit dadelik as dat hulle moet hul self as martelare sien, net soos Jesus ’n martelaar was. Hulle moet Jesus se martelaarskap navolg! Dit beteken dat hulle moet hulself willoos, magteloos en met blydskap as offers oorgee aan hierdie geweld. Só sal hulle dan die slegtheid van hul onderdrukkers uitbeeld, en só hulle gewete gevange te neem. Hulle moet martelare wees om hierdie tipe morele mag oor hulle onderdrukkers te verkry: julle is die

Christus laat ons deel in sy lyding en aanhou goeie werke doen

slegtes en ons is die goeies, en met hierdie morele mag sal ons mag oor julle as ons verdrukke kry!

Magsverkryging deur onregverdigte lyding onder die geweld van die magtiges!

Petrus stel teenoor hierdie magsdroom van verbitterde verontregtes iets totaal anders met hierdie verklaring: "Maar as julle volhard terwyl julle goed doen en dan tog ly – dit is genade van God! Hierdie is 'n totaal ander geloof oor geweld as die passie van martelare! Hierdie is genade van God! Om só oor geweld te glo, is iets wat God in sy genade in en vir ons bewerk. Nie 'n manier om morele mag, en só politieke mag te verkry nie.

5. Het Jesus Homself willoos, magteloos en met blydschap aan die mag van sy geweldenare aan die kruis oorgegee om hulle as die slegtes te vertoon?

Christus was met totaal iets anders besig as met die geweld van sy geweldenare teen Hom! Hy was besig om as vleklose Lam sonder liggaamsgebrek met sy kosbare bloed sy kinders van hul sondes los te koop. (1: 19) Hy was besig om aan die kruishout in sy liggaam sy kinders se sondes te dra sodat hulle ingeregtheid kan leef. (2:24) Hy was besig om sy kinders te genees van die mag van sonde.

Aan wie het Jesus Homself aan die kruis as offer oorgegee? Hoor hoe stel Petrus dit! Hy het Homself toevertrou aan Hom wat regverdig oordeel. (2: 23) Hy het Homself nie aan sy geweldenare se geweld oor gee om van Homself 'n vertoonstuk van hul slegtheid te maak nie. Hy het Homself aan sy Vader se mag oorgegee sodat sy kinders voor sy regverdige oordeel kan staan: Hy oordeel dat ons vir sy geregtigheid kan leef omdat Christus ons sondes weggeneem het! Daarom stel Petrus dat Hy, die Regverdige vir ons as die onregverdiges gelyk het, nie onder die geweld van geweldenare nie, maar onder die oordeel van God self. (3:18) Só leef ons nou in Christus as God se regverdiges, ingesluit in Christus se geregtigheid vir sondears. Hy het Homself aan die mag van sy Vader oorgegee om ná sy offer aan die Vader uit die dood uit op te staan om Herder en Bewaarder van sy kerk te wees. (2: 25)

Jesús het geen onmag teen onderdrukkers gedemonstreer nie. Hy het sy mag om Herder en Bewaarder van sy kinders te wees gevestig: Hy was offer vir hul sondes en het toe uit die mag van die sonde en dood opgestaan sodat hulle met die vrymoedigheid kan leef: My lewe en toewyding aan God is vir ewig vir God reg en heilig, al is ek tot sondes geneig!

6. So! Wat se voorbeeld het Jesús vir ons gestel oor die geweld van die goddeloses en die magtiges van hierdie wêreld?

Christus laat ons deel in sy lyding en aanhou goeie werke doen

Petrus stel dit só! Hulle geweld het Hom nie laat sonde doen en nie vals gemaak nie. (2: 22). Hulle geweld het van Hom nie ook 'n gewelddoener gemaak wat uiters, terugskel en dreig nie. (2: 23)

Hoekom nie? Om net te wys hoe vroom, goed en anders Hy as sy slegte gewelddoener is? Dit is glad nie waarom die Here se optrede gegaan het nie. Hy was met totaal iets anders as sy gewelddoener. Hulle was besig met keiserskultusse terwyl Hy besig was om Here, Herder en Bewaarder te wees vir die volk van God. Hy het hulle geweld verdra om sy roeping as Christus te vervul en Hom nie deur hulle geweld van sy taak as Christus laat aflei nie. Daarom het Hy nie hulle geweld met geweld geantwoord nie, alhoewel Hy in sy eie woorde met twaalf legioene engele kon gedoen het. (Mat. 26:53)

Die voorbeeld van die Here gaan nie oor nabootsing van sy verlossingswerk nie. Hy is nie die voorbeeld van hoe ons ons aan gewelddoener moet offer as om met mooi vroomheid hulle slegtheid en onderdrukking te demonstreer nie. Dit is wat Mahat Mogandi gedemonstreer het, nie Jesus Christus nie. Die voorbeeld van die Here is dat ons moet besig wees met ons lewe waartoe Hy ons verlos het en nie deel van die magstryd vir of teen die keiserskultus nie.

Ons mag ons nie dat die geweld van die keiserskultus in die gemeenskap teen ons, ons van ons roeping om met goeie werke vir God 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige nasie en volk te wees, weg vat nie. (2:9) Die Here het hierdie geweld gedra om ons Herder en Bewaarder te word en ons moet dit dra om besig te wees met die werke waardeur ons Hom verheerlik. Petrus stel dit so: "Inteendeel, soos Hy wat julle geroep is, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees." (1: 15)

7. Wat is en hoe werk die keiserskultus teen die Here en sy kerk?

Ons noem dit vandag "staatsgodsdienst." Die Jode het die keiserskultus gebruik om Jesus te kruisig toe hulle skynheilig vir Pilatus gesê het: "Ons het nie 'n koning nie, slegs die keiser." (Joh. 19: 15) Hulle het die Romeinse keiserskultus gebruik om Christus dood te maak omdat hulle 'n Christus wou gehad het wat 'n Joodse wêreldkeiser moet wees en Joodse wêreldryk moet oprig. Hulle het geweet Jesus kon dit en wou dit nie vir hulle gee nie. Daarom het hulle Hom, sonder dat hy enige misdaad gepleeg het, as misdadiger laat doodmaak. Hy het in die pad van die Joodse keiserskultus gestaan.

Dit was nie maar net gewone misdaad teen Jesus nie. Hy is doelbewus onskuldig doodgemaak om die mag van die Joodse godsdienst en die keiser te demonstreer in sy magteloosheid. Sy lyk aan die kruis was vir hulle 'n vertoonstuk van hul mag as owerheid en godsdienstige raad.

Christus laat ons deel in sy lyding en aanhou goeie werke doen

Dit het ook in baie gemeenskappe gebeur waar die apostels die evangelie van Jesus verkondig het. Die Joodse leiers in eerste dorp Antiochië op Paulus se eerste sendingreis het die leiers van die dorp aangehits om met sy mag en wette teen Paulus op te tree. (Hand. 14: 50) Met die tweede sendingreis in Tessalonika het die Joodse geestelikes die massa weer tot verset aangehits en die keiserkultus so teen Paulus gebruik: “Die mense wat die hele wêreld in opstand bring, het nou ook hier aangekom. ... Hulle tree almal in stryd met die keiser se voorskrifte op deur te sê daar ’n ander koning is, naamlik Jesus.” (Hand. 17: 7)

Die keiser verteenwoordig absolute staatsmag teenoor God. Wie hierdie absolute staatsmag vereer en help in stand hou, mag deel wees van die staat. Wie nie hierdie absolute mag in stand hou nie, is nie deel van die staat nie, nie deel van die beskerming deur, die regte, welvaart en welsyn van die staat nie.

Die Here se kerk kan nooit sulke mag eer, in stand hou of daarin inkoop en hulle deur sulke magte verryk en bemagtig nie. Vir gelowiges is net die Here Jesus Christus se mag aan die regterhand van God, absoluut. (3:22) Daarom koop hulle nie in in die mag van keiserskultusse nie, maar is hulle in elke gemeenskap mense wat wetsgehoorsaam en diensbaar is, besig met die goeie werke waarmee hulle God verheerlik.

Omdat ons só is en só leef, word ons deur goddelose gemeenskappe en hulle owerhede, buite die veiligheid, die reg, die welsyn en welvaart van die staat gestel. Dit is die spesifieke soort geweld teen Christene wat anders is as enige ander soort gewone misdaad – omdat jy goed doen vanuit jou geloof in Christus, is jy ’n krimineel wat gestraf moet word. Want jy aanvaar nie die absolute mag van die keisers en die gods-state van hierdie wêreld nie.

Waar dit met gelowiges gebeur, om buite die veiligheid, die reg, welsyn en welvaart van die staat gestel word, omdat hulle nie die absolute mag van die keiser aanvaar nie – deel hulle in die lyding van Christus. Soos Hy as Christus deur die mag van die keiserkultus onskuldig doodgemaak is, só sal sy kinders altyd deur keisers en keiserskultusse as kriminele buite die veiligheid, die reg, welsyn en welvaart van die staat gestel word en verniel word.

8. Wat maak plaasmoorde anders as alle ander misdaad?

Ek wil dit vir u graag met ’n voorbeeld toelig. Dit gaan oor ’n wildboer wat besluit hy boer net met swarttroobokke, koffie- en koper springbokke, goue en koningsblou wildebeeste. Hy wil daarom nie meer gewone vlakvarke op sy plaas hê nie en daarom jaag hy hulle uit die plaas op die padreserwe.

Wat gaan met daardie vlakvarke op die padreserwe langs die plaas gebeur? Hulle is onmiddellik voëlvry verklaar. Enige een wat eerste kom, of dit met ’n panga, ’n spies, met klippe of ’n geweer en ’n bakkie is, gaan hierdie varke aanval, rondjaag, stukkend

Christus laat ons deel in sy lyding en aanhou goeie werke doen

kap en doodskiet. Wie gaan dit doen? Spesiale padreserwe wildsdiewe? Spesiale vlakvarkjagters? Die waarheid is dat mense wat nooit wild op plase sou jag nie, en selfs nie eers van vlakvarkvleis hou nie, gaan nou, wanneer hulle hierdie varke sien hulle doodmaak.

Daar gaan ook nie een spesiale rede wees hoekom hulle dit doen nie. Party gaan dit doen omdat hulle honger is, ander omdat hulle biltong wil maak, ander somer net vir hulle tande of koppe as trofee teen hulle mure, maar die ergste van almal, somer net vir die pret! Vir almal, elkeen 'n ander rede, is daar net een oorsaak van hierdie spesifieke soort slagting op vlakvarke: hulle is buite die draad van die plaas op die padreserwe uitgesit! Buite die veiligheid, reg, welsyn en welvaart van die plaas.

10. Wat is die oorsaak van plaasmoorde wat anders is as taxi-moorde in die taxi-gemeenskap, as die moorde deur stamgeweld in stamgemeenskappe, die moorde in woongebiede in die stryd tussen munisipale rade en stamowerhede, moorde in dronkenskap in townships en selfs aanvalle en aanrandings op buitelanders?

In alle ander geweld van aanvalle, roof en moord, is die mense binne die draad! Hulle is nie deur die gemeenskap en owerheid buite die draad van die staat, buite die veiligheid, reg, welsyn en welvaart van die staat geplaas nie, maar boere is. Hulle is geteiken en uitgesonder deur gemeenskappe, die owerheid en die kerke in die land, om buite die draad van die staat gesit te word. Hulle moet buite die plaas op die padreserwe leef!

Die owerheid doen dit met die ideologie dat landbouers onregmatig op plase woon, gemeenskappe doen dit met die begeerte om verniet meer te besit en die kerke, ook van die NG Kerk se sogenaamde bemagtigde leierskap, doen dit met 'n geestelikheid van versoening: boere moet hul plase opoffer vir versoening tussen rasse in die land.

Só jaag hulle boere soos vlakvarke om nie meer op die plaas, maar op die padreserwe buite die plaas te gaan leef. Hulle, die landbouers, nie taxi-eienaars, huisbewoners in die stede, nie bendes op die Kaapse vlaktes nie en selfs nie eers buitelanders nie, net landbouers, is ideologies deur die staat en geestelik deur die kerke, op hul eie eiendom as onregmatige eienaars verklaar.

Wat doen jy met vlakvarke in die padreserwe wat nie meer in die veiligheid, welsyn en welvaart van 'n plaas deel nie?

Jy val hulle aan, verniel, vermink en dood hulle met klippe, pangas, spiere en gewere, somer net! Somer net vir enige rede van kos tot prettigheid omdat hulle weerloosheid en magteloosheid is. Wie doen dit? Somer net die gewone geweldenare!

Christus laat ons deel in sy lyding en aanhou goeie werke doen

Hoekom? Want die boer wat buite die plaas op die padreserwe gejaag het, het almal wat lus het daartoe bemagtig!

11. Moenie dink dit is iets vreemds wat met julle gebeur nie! Julle deel nou in die lyding van Christus! Jesus is volgens sy geweldenare onskuldig gekruisig om die mag van Rome en die Joodse godstaat te demonstreer, maar in en deur dit het Hy sy kinders geregverdig om vir God te leef. Julle word nou juis aangeval, verniel en vermoor om julle die vertoonstukke van die mag van die nuwe keiserryk en die nuwe staatsgodsdien van die land te maak. Julle deel in die lyding van Christus!

En dan kom die diepste oproep tot verset teen hierdie keisermag en keiserkultus deur die apostel Petrus volgens die 83 vertaling: “Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, een aanhou goed doen.”

Die diepste verset van gelowiges teen die geweld van ’n absolute staat en ’n staatsgodsdien, is om lydsaam aan te hou goed doen! Aan te hou met die goeie werke waartoe Jesus Christus ons reg gemaak het. In ons geval, om aan te hou boer tot die welsyn en welvaart van die gemeenskap en die owerheid!

Só deel ons in die lyding van Christus! Hoe só? Want net soos Christus nie met die keisermag of keiserkultus in stryd of vennootskap gegaan het met sy legioene van engele nie, maar deur hulle geweld gegaan het om sy taak en roeping as Messias te vervul, só moet ons ons nie laat verlei om in stryd te gaan teen die geweld van die owerheid, gemeenskappe en kerke teen ons as landbouers nie. Lydsaam deur die geweld moet ons ons verheug dat ons ons met ons taak en roeping om vir God met die goeie werke van landhoubeoefening mag verheerlik.

12. Hoe kan dit verset wees?

Petrus stel dit só: “Omdat die Here wil, moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is of die goewerneurs as sy gevolgmagtiges wat die wat kwaad doen moet straf, maar die wat goed doen, moet prys. Dit is die wil van God dat julle deur goed te doen, ’n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat.” (2: 13 – 15)

Want deur aan te hou met die goeie werke van landbouproduksie, ontken ons die mag van die keiser, die gemeenskap en die keiserkultus om ons buite die draad te kan sit!

Die staat behoort nie aan die regering, die gemeenskap of die kerke nie. Dit behoort aan Jesus Christus die Here God en hulle kan dit nie van Hom kaap nie! Hy skep die instelling van die staat en owerhede. Hy stel regerings aan om kriminele te straf en

Christus laat ons deel in sy lyding en aanhou goeie werke doen

getroue burgers te beloon. Wanneer regerings nie só regeer nie, maak Hy 'n einde aan die kwaad van hulle wat dink die staat en owerheid en behoort aan hulle!

Om aan te hou goed doen vir God met landbouproduksie, is hoe ons die mag van die regering, gemeenskappe en kerke om ons buite die draad te kan sit op die padreserwe, op die diepste vlak van hul ideologie en geestelikheid vernietig.

13. Lydsaam deel van die lyding van Christus om in goeie werke te volhard deur die geweld van keisers en keiserskultusse heen!

Al val julle ons aan, verniel, besteel, vermink en vermoor ons asof ons buite die veiligheid, die welvaart en welsyn van die staat is, sal ons nie glo wat julle met julle geweld probeer bewys nie! Ons behoort aan die Here wat state en owerhede skep. Ons kan nooit buite sy draad wees nie.

Die staat en owerheid behoort aan die Here wat ons verlos het tot goeie werke! Hy sal dit laat werk soos dit moet werk – Hy sal dit weer en weer maak wat dit moet wees: die instelling van kriminele straf en die wat goed doen beloon! Daarop wag ons!

Al vertoon julle ons verminkte lyke in ons huise, aan pale, op stoepe en in die lande om ons magteloosheid teenoor die keiser en keiserkultus te demonstreer, ons is nie julle gewelds-trofee nie. Net soos Jesus aan die kruis nie die gewelds-trofee van Rome of die Jode was nie. Ons is besig met dit waartoe ons Here ons geroep het en julle kan dit nie van ons wegneem deur ons te vermink en te vermoor nie.

Al kom al die kerke met hulle keiserverering en maak ons die oorsaak van die geweld teen ons met hulle versoenende geestelikheid. Ons is vreemdelinge en bywoners in julle keiserryk en deel van die ryk van ons Here Jesus Christus.

Ons gaan aanhou met goeie werke in die landbou terwyl julle met julle Bentleys, Mercedesse, Audies, Hummers en Jaguars met losbandige sakevergaderings die land plunder en mense slawe van julle gierigheid maak.

Want ons is verlos tot goeie werke! Ons sal deel in die lyding van Christus omdat ons in sy heerlijkheid deel!

14. 'n Woord aan ons jongboere! Wie is jy as jy aanhou goeddoen as boer met landbouproduksie deur al die gewaande mag en werklike geweld heen? Jy is 'n werkgewer na wie arbeiders moet luister! Wie is jy as jy met 'n pistool agter 'n doringdraad in Senekal staan? Jy is die martelaar vir ou ooms met selfone wat nou skielik die keiser en keiserkultus met jongboere as hul troepe wil beveg met geweld. Só maak hulle jou die martelaar wat deur gedrinkte, gerookte, getikte werkloses as jou regters en jou laksmanne tereggestel word! Voor jy dit doen moet jy net vir

Christus laat ons deel in sy lyding en aanhou goeie werke doen

jouself af vra wat hierdie ou ooms wat nou jongmanne martelare wil maak gedoen toe hulle jongmanne was en die mag in hulle hande gehad het.

Verset julle teen hierdie mag!

Hou aan boer en deel in die lyding van Christus! Vernietig die waan dat regerings, besighede, gemeenskappe en kerke julle buite die draad kan sit! Ons leef binne die staat en onder die owerheid van die Here wat ons vir sy diens reg gemaak het!

Dit is nie iets vreemds wat met ons gebeur nie!

Kom ons sluit af met ons voorbeeld. Wat moet ons as vlakvarke doen wanneer die boer besluit ons word op die padreserwe uit gesit? Wat doen ons wanneer die keiserkultus se leiers binne die NG Kerk ons as mooi soet vlakvarkies met 'n versoenende gesindheid wil begelei na die padreserwe, anders vertel hulle almal is tipiese nors, stug, rowwe en vuil varke, regte onversoende rassiste? Wat maak ons met hulle beloftes hulle sal altyd vir ons op die padreserwe waarheen hulle ons versoenend begelei het, wanneer ons aangeval en vermoor word, bid en traumaberading gee?

Ons laat ons nie vang, uitjaag of afsit nie, en ons volg nie predikante met hul versoenende af-begeleiding nie. Ons laat ons nie versoenend afsit om voor gebed of voor berading gegee te word deur hulle wat ons af begelei nie.

Dit is ons plaas! Die staat behoort aan ons Here, nie die keiser nie. En wanneer hulle ons ooit by die hek uit kry, sal ons hul drade, hulle wette, breek of onder grou om net weer ons plek binne die veiligheid, reg, welsyn en welvaart van die plaas in te neem!

Dit is die Here se staat en owerheid en ons is sy dienaars wat Hom verheerlik met goeie werke terwyl ons deel in die lyding van Christus .

Dit is sy genade vir ons om vir God reg te wees wat dit in ons bewerk om deel van sy lyding te wees en met goeie werke deur geweld heen te volhard. Geweld wat anders is as enge ander misdaad wat in die land gepleeg word.